

Tema 1: Die Here se wil se wet en die Here se evangelie.

1/1 In die Bybel is die wet altyd die Tien Gebooie, Romeine 2: 17 – 22; 13: 9 – 10, en is alles wat ons doen wat God in sy wet vir ons sê om te doen, soos bid, tot bekering kom, sonde bely, goeie dade doen, God eer, dien, aanbid en loof “wetsonderhouding”. Romeine. 3: 20

Tema 1: Die Here se wil se wet en die Here se evangelie.

1/2 Die Here se wil se wet en die Here se evangelie.
Liefde vir God en jou naaste is in die Bybel altyd die wyse waarop mense die wet van God moet onderhou. Ons liefde is altyd wetsonderhouding, nooit iets anders nie. Romeine 13:10; Mat. 22: 34 – 40

Tema 1: Die Here se wil se wet en die Here se evangelie.

1/3 Christus en alles wat Hy vir ons doen en gee, is die evangelie. Romeine. 1: 1 – 6; 1 Korintiërs 15: 1 -5; Handeling 14 – 36. Hierdie evangelie is opgesom as ons geloofsbelydenis wat begin met “Ek glo in God die Vader” en eindig met “Ek glo aan ’n ewige lewe.”

Tema 1: Die Here se wil se wet en die Here se evangelie.

¼ Die evangelie en die wet is twee heeltemal verskillende sake, nie twee kante van een saak nie. Galasiërs 3:12.

Tema 1: Die Here se wil se wet en die Here se evangelie.

1/5 Die woord “vryspreek” in die Bybel beteken God vergeef jou, maak jou sy kind, laat jou lewe vir God reg wees en vat jou hemel toe. Romeine 1: 17.

Tema 1: Die Here se wil se wet en die Here se evangelie.

1/6 God vergeef ons nét omdat ons Christus vertrou, dit is die evangelie glo. Romeine 1: 17;

Tema 1: Die Here se wil se wet en die Here se evangelie.

1/7 Om die evangelie te glo beteken om Christus ken en vertrou vir alles wat Hy vir ons gedoen het, gebore is, gely het, gekruisig is, gesterf het, opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, en ons insluit by alles wat Hy vir ons gedoen het. Romeine 6: 4 – 10

Tema 1: Die Here se wil se wet en die Here se evangelie.

1/8 God vergewe ons sonder dat ons gehoorsaam is aan sy wet, dit is sonder dat ons Hom liefhet, bid, tot bekering kom, sondes bely of probeer om beter te leef. Romeine 3: 22; Galasiërs 2: 15, 16.

Tema 1: Die Here se wil se wet en die Here se evangelie.

1/9 God het die wet weggevat as die manier waarop ons vergewe word, of ons lewe vir God reg is, omdat ons dit nie kan onderhou soos God sê nie. Romeine 10: 4

Tema 1: Die Here se wil se wet en die Here se evangelie.

1/10 Die Here vat ons op die regte pad en laat ons lewe vir Hom reg wees net deur die evangelie sonder die wet. Paulus noem dit die toerusting deur, en wandel deur die Heilige Gees. Galasiërs 3: 5 en “wandel deur die Gees.” 5:25 (1953 vertaling)

Tema 1: Die Here se wil se wet en die Here se evangelie.

1/11 Die evangelie maak dat die Tien Gebooie nou op twee maniere werk, vir God se kinders wys dit hoe om in sy liefde te leef sonder dat hulle ooit weer skuldig kan wees of by God in die moeilikheid kan wees, terwyl die wet ongelowiges altyd skuldig maak en by God in die moeilikheid bring. Romeine 8:2; 1 Joh. 2: 7.8.

.